



Die Rietbluit

JAARTEMA:
Saam met Jesus...

Julie 2019

GIETERS VIR DIE HERE

Ek lees iewers van iemand wat 'n praktiese beeld gebruik oor ons verhouding met die Heilige Gees. Hy gebruik die *beeld van 'n gieter*. Ons moet as te ware die teenwoordigheid van God "lek" waar ons ons ookal gaan. Die Gees wil deur ons leef en ander se lewe raak.

In elke situasie stel die skrywer voor moet ons vra: Heilige Gees hoe wil U hê dat ek nou sal optree? Dikwels wil die Gees dat ons met die teenoorgestelde gesindheid sal optree as waarmee ons te doen het, byvoorbeeld waar ons met irritasie te doen het wil die Gees ons van geduld laat oorloop. Waar daar haat of vyandskap is wil die Gees ons van liefde laat oorloop. Waar daar iemand is wat met venyn en afguns teenoor ons optree moet ons hom/haar laat iets beleef van die Gees se onvoorwaardelike aanvaarding. Vanuit God in ons tree ons teenoor ander op en so "lek" ons soos gieters teenoor ander met die gesindheid wat die Here se hart bly maak asook lewens raak.

2 Tim 1:7 Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en self-beheersing.

Ds Leon van Heerden



Ons Visie: Deur Christus-liefde gee ons vir almal om

Dankie vir wonderlike jare saam met julle!
Ek en Chrissie dank die Heer vir die voorreg om vir 35 jr en 5 maande saam met julle en die Here in Rietfontein-Suid die geloofspad te kon loop.

Julle sal altyd in ons harte wees!

Ons is boeties en sussies vir altyd.

Mag die Lewende Here julle vashou en laat volhard totdat ons mekaar weer sien.


Liefde Leon en Chrissie



- - - - DATUMS VAN BELANG - - - -

- ◆ **9 Julie:** Skole Open
- ◆ **28 Julie:** Afskop: 40 Dae Reeks om 9:00 & Youthbash om 18:00
- ◆ **3 Aug:** Moot Care Karwas en Mark
- ◆ **9 Aug:** Vakansiedag (Vrouedag)
- ◆ **18 Aug:** Nagmaal om 9:00
- ◆ **25 Aug:** Youthbash om 18:00

Sien jou daar!



Bydrae vir Jeugwerkerkursus

'n Jong man van ons gemeente is entoesiasties om as Jeugwerker te studeer, maar benodig fondse vir die klasgeld. Dis deeltydse studies vir 2 jaar.

Enige bydra sal baie wardeer word.

Merk koevert of EFT betaling as "JeugwerkCURSUS" asb.

Vir meer info kontak Ds. Leon TaiT.

BOOMSLOPINGS & SNOEI
GRATIS KWOTASIE
VERSEKERING
KONTAK ERNST by **083 656 4992**
www.treecarepta.co.za

1 KOR 3: 1-4 en 3:11-15 IS ALLE CHRISTENE GEESVERVULD?

Samevatting van **Ds Dirkie vd Spuy** se preek op 20 Januarie 2019

1. GROEPE TE ONDERSKEI

2 Groepe. Skape/bokke. Koring/kaf. Breë/smals weg. 1 Kor.3 onderskei 3 groepe. Die ongeredde wêreld, die Christene wat Geesbeheerd of vleesbeheerd leef.

Onderskei tussen Christene. Geestelike **babas** (Rom.8:15) of volwasse. **Gebou** van gras of goud.

2. WÊRELDSE MENSE

Onder beheer van die sondige natuur. Gebore op die breë weg, maak ek soos ek wil. Ek lewe vir hierdie tydelike verganklike wêreld.

Nie 'n wedergebore kind van God nie. Miskien godsdiestig van die buitekant, selfs soos die Fariseërs baie godsdiestig en uiterlik voorbeeldig, maar nog steeds binne, nie gebore deur die Gees van God nie. Joh.3:3-5, Mat.7:21-23.

Nie in Christus nie. Weet miskien selfs van Christus, maar Hy het nog nie in my lewe ingekom en sy vergifnis en die nuwe lewe deur die Gees het nog nie gerealiseer nie.

3. WÊRELDSE CHRISTENE (:1)

Eiewilligheid Christus het in hierdie persoon se lewe ingekom en woon in hom deur sy Heilige Gees. Die Gees van God word egter weerstaan omdat die ou natuur (eie-EK dra die kroon) weer die beheer begin oorneem het (**1 Tess 5:19**). Daarom is daar duidelike tekens van die ou natuur se beheer bv. word kwaad, twis, jaloesie, onenigheid (**:3-4**).

Afgode Daar is nie tyd vir God en vir sy dinge nie, want my lewe word beheers deur ander gode soos: eie-EK, geld, eer, sport, vermaak. **Bainskloof** se 3 Kaarte om 'n keuse vir die HG se beheer te keer.

Laat sonde toe (Ef 4:30) Die Heilige Gees word bedroef en daar is moedswilligheid om te volhard met sonde en versuim om te doen wat God sê. So 'n mens wil nie gaan gee, getuig of regmaak met iemand of

breek met sonde nie. Dit is 'n geestelike val en opstaan lewe.

Bou met gras of goud. Besig met tydelike dinge. Vrees om lekker dinge te verloor.

Onkunde Die Heilige Gees word gesien as 'n blote krag en nie as die derde persoon van die Drie-eenheid nie. Die noodsaaklikheid en die krag van Geesvervulling word nie verstaan nie. Nie net 'n eenmalige emosionele belewing. Weet ook nie hoe 'n mens vervul word nie. Vgl. 12 Christene het geen impak op Efese vir 3 jr. **Hand 19. Bainskloof**

4. 'n GEESBEHEERDE CHRISTEN (:1)

Groei geestelik (:2) Daar is ontwikkeling en dinamika en jy word al meer geestelik volwasse en begin **dien en uitreik**. Nie net melk kry maar begin loop en bevele uitvoer.

Voorbeeld Die beeld van Jesus word al meer sigbaar, oral in die kerk en op die markplein. Die vrug van die Gees verskyn (**Gal 5:22-23**). In plaas van sonde, sien mense die liefde, vrede, blydskap en selfbeheersing van Christus in my lewe raak.

Gebed bestaan nie net uit opsê van rympies of blote leë woorde nie. Die Heilige Gees kom lei my om binne die wil van God te bid en tekens en wonders te volg.

Bybelstudie Kry groter waarde en ek hoor die stem van die Here wat persoonlik met my begin praat in spesifieke omstandighede.

Getuig (Hand 1:8) Die Heilige Gees is in beheer en lei my na die regte persone en gee my die regte woorde en met die toerusting en **gawes** van die Heilige Gees, verander mense se lewens voor my. 'n Nuwe vrymoedigheid en 'n nuwe krag.

5. HOE WORD EK VERVUL MET DIE HEILIGE GEES?

Besluit dat jy wil Geesvervuld wees en dat jy nie meer jou ou natuur wil toelaat om jou te beheer nie. Weet dat as jy iets volgens sy wil vra, sal God jou hoor. **Ef 5:18** verseker jou dat dit 'n opdrag is en God se wil vir jou lewe. Kies teen jou ou natuur en jou "eie ek" en kies vir die Gees se beheer in **gebed**. **Luk. 9:23**. Belofte: **Luk.11:13**.

A MIGHTY FORTRESS IS OUR GOD

*And though this world, with devils filled,
should threaten to undo us;
We will not fear, for God hath willed
His truth to triumph through us;*

*The prince of darkness grim,
we tremble not for him;
His rage we can endure,
For lo! his doom is sure,
One little word shall fell him.
That word above all earthly powers,
No thanks to them, abideth,
The Spirit and the gifts are ours
Through Him who with us sideth;*

*Let goods and kindred go,
This mortal life also;
The body they may kill;
God's truth abideth still,
His kingdom is forever.*

Verse 3 and 4

Hymn by Martin Luther

Father of the Reformation

Tried for heresy, 1521

1483-1546

*Praising God, whether in psalms, in hymns, or in spiritual songs.
Gives tremendous strength to the believer*

This hymn, written by a Jesus Freak, in the 1500s, has helped Christians for centuries.

Martin Luther, the father of the Reformation, learned from the Bible that God saves men by His grace and that man cannot save himself through his own effort. After receiving this revelation, he developed his own theology, based completely on the Bible. This greatly angered the established church of that time, who called for his execution, but Luther evaded them.

At his trial, corrupt church leaders tried to get him to recant, but he refused, saying, “**Unless I am convinced by Scripture and plain reason—I do not accept the authority of the popes and councils, for they have contradicted each other—my conscience is captive to the Word of God. I cannot and I will not recant anything for to go against conscience is neither right nor safe. God help me. Amen.**”

Dc Talk and The Voice of the Martyrs (1999) Jesus Freaks,
Albury Publishing Tulsa, Oklahoma, bl. 264—265

OMGEE-BEDIENING

KOM SLUIT AAN BY ‘N OMGEEGROEP! Jy sal nie spyt wees nie.

VISIE VAN DIE OMGEE-BEDIENING:

Om deur omgee-verhoudinge in omgeegroepe mekaar te help om te groei tot praktiese en gehoorsame navolgers van Christus.



Dit is die bediening wat die **omgeegroepe** ondersteun en organiseer.

Omgeegroepe is in hierdie gemeente die primêre “voertuig” van bediening en versorging!

© As jy oorweeg om by ‘n omgeegroep in te skakel kontak vir Tom Rademeyer by 0823729803.

© Indien jy kans sien om as ‘n omgeegroep-leier opgelei te word kontak



RIETFLUIT REDAKSIE & ADMINISTRASIE

Vir enige navrae oor advertensieplaasing, getuienis, voorstelle of nuus oor u bediening, stuur gerus ‘n e-pos vir Ilze du Plessis by ilzedples@gmail.com. Kontak nommer is 0721113100